

17 November

Skrifgedeelte: Genesis 39:7-23
Fokusgedeelte: NGB, Art 29

Kenmerke van die ware lidmaat – ontvlug die sonde

Die Bybel leer: “Weerstaan die duiwel” (Jak 4:7) en: “Bly op jou pos as hy met sy aanslae kom” (Ef 6:11). Maar dit beteken nie dat gelowiges nooit retireer nie. Partykeer weerstaan ’n mens die duiwel die heel beste deur te vlug, deur jou nie op sy terrein (die sonde) te begewe nie. Veral vir losbandigheid moet ons VLUG (1 Kor 6:18 – OAV).

Dit is presies wat Josef doen. Al was dit destyds wettig toegelaat dat eenaars gemeenskap met hulle slawe kon hê, al was Josef jonk en al hou Potifar se vrou hardnekkig aan, vlug Josef. Hy vlug, al moet hy sy klere agterlaat. Nie almal doen dit nie. Dawid en baie ander vlug nie. Dan het die sonde bitter en hartseer gevolge. “Kan jy kole vuur in die vou van jou klere inhark sonder dat jou klere aan die brand raak?” vra die Spreukedigter (Spr 6:27).

Dit is partykeer baie moeilik om vir sonde “nee” te sê. “Nee” sê kan slegte gevolge vir jou of jou loopbaan inhou. Josef word vals beskuldig en beland in die tronk. “Wat help dit nou?” wil ’n mens vra. Maar, lees ons (vers 21), “die Here was by hom, en Hy het hom sy troue liefde laat ondervind.” Wie vir die sonde vlug, vlug dus NA GOD toe! Dit is BAIE beter om saam mét die Here in ’n tronk te wees as om sonder die Here in ’n paleis te woon.

Alle ware lidmate deel hierdie oortuiging met Josef. Uit genade is daar vandag steeds geleentheid om só te BEGIN lewe; geleentheid vir dié mét klere, vir dié sonder klere, en selfs ook vir dié met brandende klere!

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)